UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK V

## DEELNEMER AAN BOUKUNDIGE PRYSVRAE

### 1. BOUKUNDIGE PRYSVRAE VAN DIVERSE AARD

#### i. Die uitskrywe van boukundige prysvrae

In sy aansoek vir 'n staatsbetrekking in die Zuid-Afrikaansche Republiek in 1882, het „hoofdopzichter en archi=tect" Sytze Wierda in die oorsig van sy loopbaan daarop gewys dat hy vanaf Januarie 1866 onafgebroke belas was met „het ontwerpen, in teekening brengen en uitvoeren van de door de Staat te maken spoorwegen".[1] Sy spoorwegloopbaan, wat in werklikheid reeds in 1865 in Hengelo by 'n spoorwegkontrak=teur 'n aanvang geneem het en teen die einde van Augustus 1887 as hoofopsigter in Amsterdam afgesluit is, het 'n tyd=perk van bykans 22 jaar van sy lewe en werk in Nederland in beslag geneem. Met die aanvaarding van sy nuwe betrekking as „Gouvernements Ingenieur en Architect" van die Zuid-Afrikaansche Republiek op 1 November 1887, sou sy jarelange opsigtersondervinding in diens van die Nederlandse staatspoor=weë hom weliswaar goed te pas gekom het, maar daarbenewens het sy bykans kwarteeu-lange werksaamhede as patentvoerende of gelisensieerde boukundige en argitek in sy vrye tyd, hom 'n deeglike voorbereiding gegee vir die 13 jaar-lange rege=ringstaak as „Gouvernements Ingenieur en Architect" en „Hoofd van Publieke Werken", wat vanaf die begin van November 1887 in die Zuid-Afrikaanse Republiek op hom gewag het.

Vanaf die eerste helfte van die sestigerjare van die vorige eeu, het die „Drachtster timmerman" sy voorliefde vir die argitektuur en alles wat daarmee saamgehang het, begin uitleef en beoefen deur aanvanklik aan prysvrae vir die ontwerp van villas, voorgewels van woonhuise en 'n kerkgebou deel te neem, om vervolgens skoolgeboue en onderwysers- en private wonings te ontwerp, om algaande ook deel te neem aan prysvrae vir groot binnelandse en buitelandse openbare geboue en om sy hand te waag aan ontwerpe vir die bou en verbouing van Amster=damse wonings en winkelgeboue, terwyl hy vanaf omstreeks 1873

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



tot 1886 ook 'n aantal kerkgeboue ontwerp het.

Beskikbare gegewens dui daarop dat Sytze Wierda, na die voltooiing van sy laerskoolloopbaan, sowel as tydens en na sy vorming en opleiding as timmerman, nie in die geleent=heid verkeer het om deeglike boukundige onderwys aan 'n erkende opleidingsentrum vir boukundiges te geniet nie - behalwe onderrig wat hy van argitek Duursma aan die teken=skool van Drachten ontvang het. Hy was daarenteen ge=noodsaak om as 'n outodidak sy argitekskennis uit te brei deur middel van boeke oor die boukuns, tydskrifte en plaatwerke van boukundige aard, die lidmaatskap van boukundige vereni=gings en die kennismaking en besigtiging van bouwerke in wording sowel as voltooide geboue van vroeëre en tydgenoot=like, vooraanstaande argitekte. Daarbenewens was die des=tydse gebruik van boukundige verenigings om boukundige prysvrae uit te skryf, 'n belangrike prikkel vir die jong en ontluikende boukundiges om ontwerpe in te stuur, mee te ding met tydgenote en om algaande kennis te maak met die ontwerpe van mededingers en die mondelinge en skriftelike deskundige kommentaar oor 'n groot verskeidenheid van prysvraagtoeken=nings.

Sodoende het die mededingende deelname deelnemers aan=gespoor om hul beste werk te lewer met die oog op die geld=pryse wat vir bekroonde werk uitgeloof is en die bekendheid wat daardeur vir die suksesvolle deelnemers as boukundiges en argitekte verwerf kon word. Die gereelde uitskrywe van prysvrae vir boukundige ontwerpe deur „De Maatschappij tot Bevordering der Bouwkunst", waarvan Sytze Wierda lid van sy Amsterdamse afdeling was, het daartoe gelei dat die kennis, kunsgevoel en skoonheidsin van hul lede op die gebied van die boukuns aangekweek en bevorder is. Die groot aantal en verskeidenheid keurige prysvraagtekeninge het mettertyd 'n waardevolle en gesogte bron van studie vir jong ontluikende Nederlandse boukundiges en argitekte geword, veral ook om=dat die prysvrae, wat algaande uitgeskryf is, steeds rekening gehou het met Nederlandse toestande en lewensge=woontes.[2]

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA






UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Wanneer die lewensloop en werksomstandighede van Sytze Wierda in aanmerking geneem word, blyk dit dat hy reeds voor September 1865, dit wil sê toe hy hom in die eerste helfte van die sestigerjare as opgeleide timmerman in Drachten gevestig en in die huwelik getree het, blyke moes gegee het van sy talent en vermoë om geboue te ontwerp. Dit was juis in daardie jare dat sy skoonvader Kamp kennis gemaak het met die talent en belangstelling van Sytze Wierda op die gebied van die boukuns. Dit verklaar ook waarom 'n bestuurslid van die plaaslike „Christelijke School", T.W. Kamp, 'n paar jaar later die vrymoedigheid gehad het om sy skoonseun as argitek aan die hand te gee toe daar 'n bouplan vir die „Christelijke School" van Drachten opgestel moes word.

ii. <u>Prysvrae van diverse aard</u>

Die oudste bewaarde prysvraagontwerp deur Sytze Wierda, is 'n „façade eener villa" uit die jaar 1865,[3] dieselfde jaar toe die 26-jarige „Drachtster timmerman" Drachten verlaat en in diens van 'n kontrakteur vir 'n gedeelte van die spoorweg in die omstreke van Hengelo getree het. Hierdie ontwerp het vermoedelik in die timmermanstydperk van Sytze Wierda ontstaan. Dit is nie bekend of Sytze Wierda enige sukses in die prysvraag behaal het nie.

Uit dieselfde tyd, omstreeks 1865, het 'n ontwerp vir 'n tweede voorgewel bewaar gebly.[4] Hierdie gewelontwerp het 'n aantal ooreenkomste met sy eerste ontwerp vertoon. Die hoofingang van sy tweede gewelontwerp is van 'n meer monumentale argitektuur, terwyl die kroonlyste en balustrades van die twee ontwerpe van mekaar verskil, die dak van laas=genoemde ontwerp hoër is en met twee skoorstene bekroon word. Bokant die hoofingang van die eerste verdieping van hierdie ontwerp is 'n balkon met 'n balustrade aangebring.

Wat by hierdie twee ontwerpe opmerklik is, is die netjiese tekenvermoë, waaroor die ontwerper beskik het en die stylkenmerke van die voorgewel.

---

„Façade eener villa", 1865 (bo) en 'n ontwerp vir „Teylers Stichting, Façade aan het Spaarne", 1878 (onder.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



'n Derde ontwerp wat bewaar gebly het, is sonder 'n jaartal en bestaan uit die voorgewel van 'n smal woonhuis met 'n benedeverdieping (Rez-de-chaussée) en daarbo drie verdiepings met 'n bowekamer.[5] Die beperkte terrein het besondere eise aan die ontwerper gestel.

Die ontwerp van die geboue van 'n hereboerdery stam ook uit daardie tyd.[6] Uit die ontwerp blyk baie duidelik dat die ontwerper oor kennis van 'n Nederlandse boerdery moes beskik het.

'n „Plan eener villa", uit die jaar 1869,[7] bied 'n afwisseling wat indeling en kenmerke van die voorgewel betref.

Vermoedelik dateer ook uit die tweede helfte van die sestigerjare Sytze Wierda se deelname aan prysvrae vir die ontwerp van arbeiderswonings. Die ontwerpe self ontbreek egter en net die kostebrotings daarvan het bewaar gebly. Een kostebegroting behoort by die ontwerp vir „één dubbele arbeiderswoning", waaraan hy deelgeneem het onder die leuse „Mater Deorum", terwyl die ander een betrekking het op die kostebegroting vir „Arbeiderswoningen prijsvraag Rotterdam."[8]

iii. <u>Ontwerp in 'n prysvraag vir „Een Buiten-Societeit", 1869</u>

In 1869 het die „Maatschappij tot Bevordering der Bouwkunst" 'n tweede prysvraag uitgeskryf vir „Een Buiten-Societeit voor eene stad van 20 000 tot 30 000 inwoners."[9]

In dié prysvraag is vier ontwerpe ingestuur onder die volgende leuses: Nr. 1, „Help u zelven"; nr. 2, „Die Jahres= zeit", nr. 3, „Concordia", en nr. 4, „Jeder sage was ihm Wahrheit dünkt".

Die insender van die ontwerp onder die leuse of kern= spreuk „Die Jahreszeit", bestaande uit agt tekeninge en „met eene korte en nette beschrijving", was Sytze Wierda, wat op daardie stadium - ten tyde van die insending van die ontwerp - as „Opzichter 2e Klasse" werksaam was in die om= gewing van Zaandam, maar met sy gesin woonagtig in Alkmaar, waar die kantoor van die „eerstaanwezend ingenieur" tot in

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



1870 gevestig was.

Die ontwerpe is beoordeel deur 'n Kommissie van Beoordeling, bestaande uit G.F. Moele Bergveld, P.J.H. Cuypers, B. Reinders, C.B. van der Tak en J. Verhey.

„Wegens de verdiensten van plannen, opstanden en uitvoering der teekeningen enz.", het die verslag van die beoordelaars gelui, is eenparig besluit om die uitgeloofde prys aan die ontwerper van ontwerp nr. 3 met die kernspreuk „Concordia" toe te ken.

Die Kommissie van Beoordeling, wat op 10 November 1870 per omsendbrief gevra is om „hare denkbeelden mede te deelen over de meerdere of mindere waarde der ontwerpen" wat ingekom het, het uitvoerige opmerkings gemaak op nr. 2, „Die Jahreszeit", die ontwerp wat deur Sytze Wierda ingestuur is.[10]

Ofskoon die beoordelaars eenparig besluit het om ontwerp nr. 3, met die kernspreuk „Concordia", vir die uitgeloofde prys aan te beveel, vermeld die verslag ten slotte dat „enkele beoordelaars meenen nog in overweging te moeten geven om aan het ontwerp n°. 2, met de motto ‚Die Jahreszeit' eene eervolle vermelding toe te kennen."

Dit is opmerklik hoedat die beoordelaars sekere aspekte van die ontwerp van Sytze Wierda met 'n spoorwegstasie geassosieer het, min wetende die noue betrokkenheid van die ontwerper by die aanleg van staatspoorweë in die voorafgaande paar jaar. Die vorm van die voorgewel het op hulle die indruk gemaak van „een provisioneel in hout en steen opgetrokken stationsgebouw", terwyl die ysterkonstruksie vir die oordekking van die groot saal „meer een tijdelijk gebouw of vestibule van een spoorwegstation dan een verblijf van blijvenden aard (aanduidt)."

Die ontwerp onder die leuse „Concordia", met die opstandtekening van die voorgewel in „gemoderniseerde Renaissance=stijl" en wat volgens die rapport van die beoordelaars in sy geheel „flink en met meesterhand geteekend (is)" en „volkomen aan het programma (voldoet)", is vir bekroning

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



aanbeveel. Op die 29ste Algemene Vergadering van die „Maatschappij ter (sic) Bevordering van Bouwkunst", wat op 30 Mei 1871 in Amsterdam gehou is, is gerapporteer dat die beoordelaars eenparig van oordeel was dat „wegens de ver= diensten van plannen, opstanden, uitvoering der teekeningen, enz." die uitgeloofde prys aan die ontwerper van ontwerp nr. 3, „Concordia", toe te ken.[11] Toe die „eereblijken" teen die einde van die Algemene Vergadering uitgereik is, het dit geblyk dat die ontwerp „Concordia" tot stand gekom het deur samewerking tussen J.L. Springer en J.F. van Hamers= veld. Ofskoon J.L. Springer by verskillende geleenthede pryse vir sy ontwerpe gewen het, het die samewerking tussen Springer en Van Hamersveld in 1869 gelei tot hul derde en laaste gesamentlike welslae.[12]

iv. Prysvraag vir „Eene Bibliotheek", 1871

In 1871 het Sytze Wierda 'n ontwerp ingestuur in die eerste prysvraag van die „Maatschappij tot Bevordering der Bouwkunst" wat vir daardie jaar uitgeskrywe is, naamlik „Eene Bibliotheek, voor honderd-duizend banden, doch van zoodanigen vorm, dat zij voor latere vergrooting geschikt is."[13]

Na aanleiding van die prysvraag wat vir 'n ontwerp van 'n biblioteekgebou uitgeskryf is, is drie ontwerpe metter= tyd ingestuur. Die ontwerpe is in die hande gestel van 'n kommissie van beoordeling bestaande uit J.G. van Gendt jr., prof. Eugéne Gugel, van Delft, J.F. Metzelaar, wat in 1842 die eerste prysvraagwenner vir 'n ontwerp van 'n „groote boerdery met aanhoorigheden" was, J.G. van Niftrik en H.P. Vogel, wie se ontwerp vir 'n „militair wachthuis voor een residentie" in 1853 bekroon is.

Die kommissie van beoordeling het mettertyd gerappor= teer dat nie een van die drie ontwerpe in die eerste prys= vraag, waarvoor daar 'n prysgeld van 300,- gulden uitgeloof is, bekroon kon word nie en dat hulle voorstel vir ontwerpe nr. 2 (Die aan den weg timmert, enz.) en nr. 3 (à la renaissance) elkeen met 'n „accessit" of tweede prys van

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



75,- gulden bekroon moet word. Met hierdie advies het die Bestuur van die „Maatschappij" hom vereenselwig.

Teen die einde van die 31ste Algemene Vergadering van „De Maatschappij tot Bevordering der Bouwkunst", wat op 28 Mei 1873 in die lokaal Koningskroon, Plantaadje-Kerklaan, in Amsterdam gehou is, en waar die verskillende ontwerpe uitgestal was, het Sytze Wierda, „opzichter bij de Staats= spoorwegen te Amsterdam", wat persoonlik in die vergadering teenwoordig was, homself bekend gemaak as een van die in= senders wat onder die kernspreuk, „à la renaissance" 'n ont= werp vir 'n biblioteekgebou ingestuur het en aan wie 'n tweede prys van 75,- gulden toegeken is. Die voorsitter van die Algemene Vergadering, argitek J.H. Leliman, het daarop die geldpryse aan Wierda en Molenaar, 'n tekenaar by die staatspoorweë en wenner van 'n „accessit" in die derde prysvraag, oorhandig, terwyl die getuigskrif van die „Maat= schappij" later aan hulle gestuur sou word.

Op 34-jarige leeftyd het die onderskeiding Sytze Wierda dus te beurt geval om 'n prys vir sy ontwerp te verower en sodoende in die annale van „De Maatschappij tot Bevordering der Bouwkunst", in sy amptelike tydskrif en in die gepubli= seerde oorsig van sy geskiedenis vanaf 1842 tot 1892 vermeld te word.[14]

v. Verdere prysvrae

Prysvrae waaraan Sytze Wierda nog deelgeneem het en waarvan enkele tekeninge bewaar gebly het, was eerstens 'n ontwerp van „een Dubbel Heerenhuis, Groningen", in 1875 onder die kernspreuk „Natalis".[15] Van hierdie ontwerp, waarvan net die plattegronde van die „sous-terrain" en die „beletage" tesame met twee deursnedes bewaar gebly het, is daar verder niks bekend van die agtergrond nie en ook nie of Sytze Wierda enige sukses met sy ontwerp behaal het nie.

Verder is ook bekend dat hy 'n ontwerp gemaak het vir „Teylers Stichting, Façade aan het Spaarne" (1878),[16] 'n „gebouw" voor de Maatschappij voor de Werkende Stand"[17]

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



en 'n „Habitation" in Marnixstraat.[18] Laasgenoemde gebou was blykbaar 'n woonstelgebou bestaande uit drie verdiepings met winkels en 'n kelderverdieping.

Teen die einde van die sestigerjare het Sytze Wierda deelgeneem aan 'n prysvraag vir die ontwerp van 'n kerk=gebou vir een van die Rotterdamse Nederduitsch Hervormde gemeentes en in die sewentigerjare het hy sy hand ook gewaag aan ontwerpe vir beursgeboue in Frankfurt am Main en in Amsterdam, waarvan die ontwerp van laasgenoemde verder=aan uitvoerig beskrywe word.

In hierdie verband kan die gevolgtrekking gemaak word dat Sytze Wierda oor 'n tydperk van ongeveer vyftien jaar aan 'n verskeidenheid van prysvrae deelgeneem het en dat die afleiding gemaak kan word dat hy blykbaar 'n voorliefde vir dié besondere aktiwiteit aan die dag gelê het. Sy jare=lange en volgehoue deelname aan prysvrae het sonder twyfel sy ontwerpvermoë ontwikkel en sy vorming as argitek bevorder.

Wat veral opmerklik is, is dat hy die belangstelling en talent gehad het om openbare geboue te ontwerp. Sy deel=name aan prysvrae vir die ontwerp van twee beursgeboue, een in Nederland en die ander een in Duitsland - afgesien van sy deelname aan die reeks ander prysvrae - was 'n openbaring van sy selfvertroue om hom in 'n kompetisie te waag op die terrein van openbare geboue van dié aard en omvang, en wat gewoonlik die deelname van vooraanstaande argitekte uitgelok het. Sodoende het hy dus sy kragte en talente gemeet met bekende argitekte van die sewentigerjare in Nederland en in Duitsland.

## 2. DIE PRYSVRAAG VIR 'N ONTWERP VAN 'N KERKGEBOU VIR DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE GEMEENTE ROTTERDAM, 1867

### i. Voorbereidende stappe tot kerkbou in Rotterdam

Omstreeks die helfte van die sestigerjare het die „College van Gecommitteerden tot de Zaken der Nederduitse Hervormde Gemeente van Rotterdam" hulle ywerig begin toespits

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



op die insameling van die nodige geldmiddele vir die oprig=ting van 'n nuwe kerkgebou in die stadsuitleg aan die weste=kant van die Coolsingel. Die bou van die kerkgebou sou 'n belangrike deel vorm van die uitvoering van 'n plan tot ver=betering van die toestand van die Rotterdamse gemeente wat deur „De Gemengde of Gecombineerde Commissie" onder voor=sitterskap van ds. W. Th. Griethuizen aanbeveel is.

Nadat die mikpunt in die fondsinsamelingsveldtog in Januarie 1866 bereik is, is 'n „Sub-commissie uit Gecommit=teerden tot tenuitvoerlegging van het plan tot verbetering van gemeentetoestanden" op 3 Februarie deur die „College van Gecommitteerden" benoem met die opdrag om die nodige aandag aan die voorgenome bouprojek en ander sake te gee. Aangesien die finansiële voorbereiding in Februarie 1866 tot 'n suksesvolle einde gevoer is, kon daar van toe af 'n daadwerklike begin gemaak word met die boukundige voorberei=ding van die nuwe kerkgebou. In die daaropvolgende twee jaar het die lede van die „Sub-commissie" met baie geduld en taaie volharding verskillende hindernisse en probleme te bowe gekom.

Die moontlikheid van die verbouing van 'n „Komediezaal" in die aangekoopte „Willem Tell"-gebou aan die Kruiskade, is aanvanklik oorweeg maar het tot niks gelei nie. Op versoek van die „College van Gecommitteerden" en te midde van uiteenlopende opinies oor die grootte en inrigting van 'n nuwe kerkgebou, is daarna aandag gegee aan die bou van 'n nuwe waardige en sierlike kerkgebou. Toe die tenders vir die bou van die nuwe kerkgebou volgens die ontwerp van argi=tek J.F. Metzelaar in Oktober 1866 ingekom het, het dit egter geblyk dat die verskillende tenderbedrae die beskikbare boufondse met baie duisende gulden oorskry het. Die Van Griethuizen-kommissie was aanvanklik van mening dat die ontbrekende bedrag gevind behoort te word maar toe die „Sub-commissie" in November 1866 kennis gekry het dat Burgemeester en Wethouders die ontwerpplan van argitek Metzelaar afgekeur het, moes 'n ander rigting ingeslaan word.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In die lig van hierdie onverwagse terugslag, was die „Sub-commissie" geneë om aan die „College van Gecommitteer=den" voor te stel dat 'n prysvraag vir 'n nuwe ontwerp van 'n kerkgebou uitgeskrywe word. Vir dié doel sou 70 000,- gulden beskikbaar gestel kon word. Nadat die formele versoek vervolgens aan die „College van Gecommitteerden" teen die einde van November 1866 deur die „Sub-commissie" gerig is, het laasgenoemde kommissie in die eerste week van Desember magtiging vir die uitskrywe van 'n prysvraag ontvang. Die boukoste moes nie meer as 70 000,- gulden bedra nie en vir die ameublement moes ook ekstra voorsiening gemaak word. Die „College van Gecommitteerden" het voorts ook besluit dat die vasstelling van die programma aan die „Sub-commissie" oorgelaat word.[19]

In afwagting van die besluit van die „College van Gecommitteerden" in verband met die versoek tot magtiging vir die uitskrywe van 'n prysvraag, het die „Sub-commissie" teen die einde van November begin aandag gee aan die opstel=ling van 'n konsepadvertensie. Ook 'n konsepprogramma is opgestel met die oorname van enkele artikels uit die programma van die Zuiderkerk, wat in 1844 opgestel is. Oor 'n aantal aspekte van tegniese aard is argitek Metzelaar, wat na die vergadering vir dié doel uitgenooi is, geraadpleeg. Die volledige konsepprogramma sou binne 'n week deur Metzelaar opgestel en aan die voorsitter vir deursending aan die „College van Gecommitteerden", besorg word. Die prys vir die beste ontwerp is op 500,- gulden vasgestel en vir die daaropvolgen=de op 250,- gulden. Op versoek van argitek Metzelaar, het die „Sub-commissie" besluit dat in die programma melding gemaak sou word van 'n Kommissie van Boukundiges, wat belas sou word met die opstelling van 'n verslag, waarvan die deelnemers op versoek 'n afskrif sou kon verkry. Die konsepprogramma, wat deur Metzelaar opgestel is, is deur die „Sub-commissie" op sy vergadering van 4 Desember 1866 artikelsgewyse behandel en enkele bedenkinge deur Metzelaar persoonlik beantwoord. Op dié vergadering word ook besluit om net een prys van 800,- gulden uit te loof vir die beste

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ontwerp, terwyl daar ook besluit is dat die reg deur die „Sub-commissie" voorbehou word om buiten die bekroonde ont= werp ook ander verdienstelike ontwerpe, waarin daar moontlik nuttige wenke voorkom, aan te koop teen 'n totale bedrag van 300,- gulden.

Op die „Sub-commissie"-vergaderings van 3 en 17 Janua= rie 1867 is uitsluitlik aandag gegee aan die samestelling van 'n „Commissie van Beoordelaars". Nadat D.H.A. Kolff, wat ook die programma persklaar sou maak, die advies van argitek Van der Tak, Direkteur van „Gemeentewerken", ingewin het en verskillende persone as moontlike lede van die „Commissie van Beoordelaars" genoem is - Van der Tak was self nie be= skikbaar nie - is argitekte H.N. Itz, van Dordrecht, J.F. Metzelaar en A.W. van Dam, van Rotterdam, as beoordelaars benoem en deur die „College van Gecommitteerden" goedgekeur. In die plek van argitek Metzelaar, wat nie die benoeming kon aanvaar nie en aan wie 'n brief van waardering geskrywe en 'n geskenk ter waarde van 100,- gulden aangebied sou word vir sy gewaardeerde dienste tot op daardie tydstip, is F. Dekker benoem.

Volgens die advertensie in verband met die uitgeskryfde prysvraag wat in die loop van Desember 1866 verskyn het, was die programma op aanvraag by die kerkkantoor in Rotterdam verkrygbaar. Die programma het blykbaar nie bewaar gebly nie en ontbreek selfs onder die argiefstukke van die „Kerke= lijk Bureau" van die Nederduitsch Hervormde Gemeente Rotter= dam.[20] Sytze Wierda het egter self verwys na die Rotter= damse prysvraag „waarbij als hoofdvereischten werd gesteld dat het gebouw, bij een gepast karakter, hechtheid en duur= zaamheid in zich moest vereenigen", terwyl „het terrein en daardoor de richting der hoofdfaçade (vooraf) was vastge= steld, terwijl mede was bepaald, dat het gebouw 1 400 zit= plaatsen moet kunnen bevatten, bij een zeer spaarzame aan= wending van gaanderijen."[21] 'n Ander bron verwys ook na die 1 400 sitplekke wat die kerkgebou moes bevat, „die door behoorlijke gangpaden van minstens eene el breedte

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



toegankelijk zijn", terwyl die bedrag van die boukoste, son= der inbegrip van die kerkmeubels, die bedrag van 70 000,- gulden nie mag oorskry nie. Die mededinging was oopgestel tot 31 Maart 1867.[22]

Op 'n vergadering van die „Sub-commissie" op 1 April 1867, waarop ook Itz, Van Dam en Dekker, lede van die „Commissie van Beoordelaars" teenwoordig was, het dit geblyk dat daar dertig ontwerpe ontvang is. Die uiterste grens van die boukoste is op dié vergadering op 75 000,- gulden gestel. Die vergadering het hom verder besig gehou met die voorlopige en vlugtige besigtiging van die tekeninge en bestekke en 'n besluit geneem dat die „Academie van Beel= dende Kunsten" gevra sou word om 'n lokaal vir die opstel= ling van die tekeninge tot die beskikking van die „Sub-Commissie" en die „Commissie van Beoordelaars" te stel. Teen ongeveer 20 Mei was die tekeninge na die „Academie= lokaal" oorgeplaas. Die „College van Gecommitteerden" en „oud-Gecommitteerden" en lede van die Van Griethuizen= kommissie, met die uitsondering van die kerkraad, is uitgenooi om die tentoongestelde planne op 23 Mei 1867 te besigtig.[23]

ii. <u>'n Ontwerp deur Sytze Wierda</u>

Toe die berig en advertensie in verband met die prys= vraag vir die ontwerp van 'n Rotterdamse Nederduitsch Her= vormde kerkgebou in Desember 1866 in „De Opmerker" en moontlik ook in ander boukundige tydskrifte in Nederland verskyn en onder die aandag van Nederlandse boukundiges en argitekte gekom het, was die 27-jarige Sytze Wierda met sy gesin woon= agtig binne die munisipale grense van Lonneker en hyself werksaam as „buitengewoon opzichter" by die aanleg van die staatspoorweg tussen Enschedé en Glanerbeek op die Nederlands-Pruisiese grens.[24] Onder die dertig ontwerpe vir die nuwe Rotterdamse kerkgebou, wat vanoor die hele Nederland die „Sub-commissie" in Rotterdam in die loop van die eerste kwartaal van 1867 bereik het, was daar ook een van Sytze Wierda. Van watter een van die dertig kernspreuke hy ge= bruik gemaak het, is nie bekend nie. Die tekeninge wat

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hy destyds saam met sy bestek ingestuur het, asook die ver= duideliking wat hyself van sy ontwerp vir publikasiedoelein= des opgestel het, is een van die weinige antwoorde op die Rotterdamse prysvraag van 1867 wat bewaar gebly het.[25]

Met die oog op die hoofvereistes wat in die ontwerp van die Rotterdamse kerkgebou, volgens die programma van die prysvraag, tot hul reg moes kom, naamlik „een gepast karak= ter, hechtheid en duurzaamheid" het Sytze Wierda as sy leidende beginsel aangeneem om „die waarheid getrouw te blijven en aan het uitwendige een uitdrukking te geven, die de bedoeling van het gebouw kenmerkt."[26]

Volgens die „verduideliking" wat die ontwerper self van sy plan van die Rotterdamse kerkgebou op skrif gestel het, verhef die gebou hom op 'n kruis, waarvan die vleuels, by verskillende lengtes, almal 'n binnewerkse breedte van 14,10 meter het. In elke hoek van die kruisarms, „bevindt zich uitwendig ruim het eenvierde van een achtkant", wat, opgaande die hoofgestel (tafelment) vir die koepel vorm, wat hom op die kruispunt van die kerkgebou verhef.

Die voorportaal A, wat drie ingange bied (dit wil sê een hoof- en twee sy-ingange), is op so 'n manier ontwerp dat die skuins rigting van die voorgewel in die binnekant van die kerkgebou weggeneem is, behalwe op die galery, wat bokant die genoemde portaal ontwerp is. Vanuit hierdie portaal word twee toegange verleen tot die kerksaal en een na die toring a, waarin tewens twee klokstoele geplaas is. Die galery wat so pas genoem is, word bereik deur twee trappe, waarvan die een hom in die toring b en die ander een hom in die portaal bevind. Die laasgenoemde trap rus, be= halwe in die mure, op twee yster kolomme, wat 'n klein bietjie voor die portaal in die kerkgebou inspring.


Voorts is daar 'n portaal B aangebring in die regter= vleuel, waardeur ook 'n ingang uit 'n systraat verkry word.

Teenoor die groot voorportaal agter in die gebou is daar twee kamers, wat albei buitedeure het, vir gebruik

Hedendaagsche Bouwkunst

Platte grond

Pl. 79




Ontworpen door S. Wierda

Schaal


Lith G. Severeyns Brussel

Kerkgebouw voor de Hervormde Gemeente te Rotterdam

Groningen, J. B. Wolters

Hedendaagsche Bouwkunst

Pl. 72



Ontworpen door S. Wierda

Lith. G. Severeyns, Brussel

Schaal

Voor-gevel

Kerkgebouw voor de Hervormde Gemeente te Rotterdam

Groningen, J. B. Wolters

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van die predikant, kerkrade, orrelis en dopelinge. In die kamer vir dopelinge is die trap geplaas, wat na die orrel lei, wat bokant genoemde kamers 'n plek gekry het. Die kansel, wat hom vóór hierdie kamers in die middel van dieselfde vleuel bevind, word bereik deur 'n trap vanuit die kamer vir die predikant. Uit elke kamer is toegange na die kerkruimte self gemaak.

Die meubels is ontwerp volgens die sisteem van ronde banke wat destyds al meer in gebruik gekom het. Die vorm van die kerkruimte was hiervoor baie doelmatig, terwyl hierdie ronde banke-sisteem in vergelyking met die gewone sisteem veel meer voordeel en gemak aanbied en tewens vry is van baie onreëlmatigheid, waaraan die laasgenoemde sisteem onvermydelik by 'n soortgelyke kerkvorm blootstaan.

Die orrel, geplaas bokant die bogenoemde kamers, staan dus met sy voorkant reg voor die toehoorders.

In die beligting van die kerkgebou bedags is ruim=skoots voorsien. Behalwe die rame in die sy- en eindmure, dien die koepel om die sentrum van die kerkruimte te verlig deur middel van 'n agtkantige raam, wat 17,80 meter bokant die vloer aangebring is en 28 vierkante meter groot is.

Die vloer van die groot voorportaal en die gange in die kerkgebou lê op 0,60 meter en die origie vloere op 0,70 meter bokant die begane grond, en word gedra deur 'n vol=doende aantal grondmure.[27] Die hele gebou rus op 'n paal=fundering van 608 heimaste. Die vloere van die groot voor=portaal asook die gange is bedek met „hardsteenen platen", wat ook op genoemde grondmure rus.

Die dak word geskraag deur vier groepe kolomme, deur sogenaamde gewapende balke verbind en, met inbegrip van die spruite wat hulle bo die kapitele bevind, tot 'n hoogte van 12,70 meter bokant die vloer. Die plafon in die vleuels buite die kolomme is plat met rondgaande hol hoeke, en dié in die middel binne die kolomme koepelvormig, wat op 'n

Ontwerp vir 'n Rotterdamse kerkgebou, plattegrond (bo) en die vooraansig (onder).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kwadraat begin en onder die koepel in 'n agtkant eindig. In die plattegrond is 'n gedeelte van die verskillende plafonne voorgestel.[28]

In die somer word die ventilasie verkry deur roset-openinge in die plat plafonne, wat deur beweegbare luike maklik oopgemaak kan word.

Die koepel wat op 'n kruispunt van die kerkgebou pryk, het 'n deursnee van 6,70 meter. Dit rus geheel en al op die kolomme, en bring die las daarheen oor, hoofsaaklik deur 'n sterk kruisgebint en verder deur 'n voldoende aantal dubbele spore, wat eweneens op die gewapende balke rus. Die koepelstyle, wat regstreeks op hierdie konstruksie rus, word onder teen „verschranking" na die sye, deur „kruisschoren" gewaarborg, en van bo met die bintbalke verbonde deur 'n dubbelstel „karbeels", waarop tewens die makelaar rus, met die verdere konstruksie van die koepelvormige dak. 'n Galery met balustrade wat rondom die koepel gaan, dien sowel om die verrigting van werksaamhede maklik te maak, as om tot die estetiese effek by te dra.

Vir die kapkonstruksie is 'n hangwerk gebruik van vyf hangstyle in elke spanning, waardeur die belasting van die deurlopende bintbalke deur die kap gedra word. Die hoofspore gryp in die middelste hangstyle by die nokpunt en dien tewens tot drag vir die gordinge en dakbedekking.

Die tweede en derde styl hangstyle word eweneens deur korter spore ingesluit, wat met die hoofspore deur yster beuels en hout wîe verbind is. Die las word meerendeels deur die middelste hangstyle gedra, deurdat twee karbeels in elke sponning van die middelstyle na die tweede stel hangstyle uitgebring is. Voorts is elke stel hangstyle verbind deur horisontale trekbande. Om 'n „verschranking" in die lengte te voorkom is van die middelste hangstyle na die nokgordinge spreibande aangebring. Die voordeel wat hierdie soort bekapping aanbied, is dat die sydelingse drukking in 'n loodregte een verander word, of wel, dat die spore op so 'n manier aan die teenoorgestelde verbind is, dat die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



sydelingse drukking van die een spoor sy uitwerking verloor deur die teendruk van die ander spoor. Die kilkepers word onderskraag deur vertikale style, met karbeels wat op die ge= wapende balke gestel is. Tot aan hierdie style is „wederom" weer 'n keer kort spore aan die kilkepers bevestig.

Wat die uitwendige betref het die ontwerper hom daarop toegelê om, veral wat die hoofgewel betref, waarheid, gepaard met eenvoudige deftigheid, daarin uit te druk. Tot hierdie oogmerk dra veral die groot koepel sy deel by.

Benewens die twee torings aan die hoeke van die voor= gewel is op die hoeke van die verskillende vleuels agtkantige pilasters geplaas. Tot versterking van die muurwerk dien origens die verskillende contreforte buite aan die gebou. Die mure is opgetrek van baksteen, en het bokant die begane grond 'n hoogte van 14,90 meter. Die koepelvormige koppe van die pilasters, die kolomme, balustrade, lyste, ens., be= staan uit Udelfänger-sandsteen. Die neuslyste van die geute en die boonste gedeelte van die torings aan die voorgewel is van houtkonstruksie.

Die koste van hierdie ontwerp is begroot op 80 434,- gulden. 'n Besuiniging deur gebruikmaking van surrogate kan hierdie ontwerp binne die syfer van 70 000,- gulden laat bly. Die meubels is nie in die berekening van koste opgeneem nie.[29]

iii. <u>Bevindinge van die „Commissie van Beoordelaars"</u>

Die bevinding van die „Commissie van Beoordelaars" is op 'n vergadering van die „Sub-commissie" bekend gemaak. Uit die verslag van die Kommissie het dit geblyk dat nie een van die dertig ontwerpe aan die bepalinge van die programma voldoen het nie en bygevolg was dit nie moontlik om die prysgeld van 800,- gulden aan een van die mededingers toe te ken nie. Weliswaar het sommige van die ontwerpe wat ontvang was, baie verdienste gehad, veral dié ontwerpe wat onder die volgende kernspreuke ingestuur is: Ter mededinging, Le Christ a posé la première pierre, Mijn Huis is een huis des gebeds, Psalm 132 - vers 7, Das Schaffen selbst u.s.w., Die Kunst

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



adelt das Werk, Deo Gloria, Il bâtit donc la maison etc., Zoo er eenige deugd is, Het is ons goed hier te zijn, Erasmus, en Knowledge is Power.

Die „Sub-commissie" het vervolgens besluit om deur middel van 'n advertensie bekend te maak dat nie een van die dertig ontwerpe aan die bedoeling van die prysvraag beant= woord nie. Van die vier eersgenoemde ontwerpe sou met lof melding gemaak word en 'n poging sou aangewend word om die ontwerp met die leuse „Le Christ a posé la première pierre", wat baie bruikbare elemente bevat, aan te koop. Die ont= werper sou deur middel van 'n advertensie opgeroep word.

Nadat die toestemming van die „Algemene vergadering van de Gecommitteerden" verkry is, is die advertensie geplaas. Op 23 Augustus 1867 het J.A. Jurriaanse, „opzichter 2e klasse" by die aanleg van die staatspoorweg by Rotterdam, homself as die ontwerper bekend gemaak.[30]

Nadat onderhandelings met Jurriaanse aangegaan en met hom ooreengekom is dat hy teen vergoeding toesig oor die bou van die kerkgebou volgens sy ontwerp sou hou - nadat sekere wysigings aangebring is - is tenders vir die oprigting van die kerkgebou afgewag tot op 28 Desember 1867. Vroeg in Desember 1868 het bou-aannemer G. Key, wie se tender vir 76 000,- gulden aanvaar is, met die bouwerksaamhede begin.[31]

Sonder enige inligting tot ons beskikking oor watter een van die dertig kernspreuke Sytze Wierda gebruik het, is dit feitlik onmoontlik om tans vas te stel of die ontwerp van Wierda met lof vermeld is. Sy ontwerp het egter soveel verdienstelike kenmerke bevat, dat die eer hom te beurt geval het dat sy ontwerp waardig geag is om deur redakteur Groneman in die 20ste aflewering van „Hedendaagsche Bouw= kunst" gepubliseer te word. Daardeur is sy ontwerp en be= skrywing nie net aan die vergetelheid ontruk nie - wat ver= moedelik die lot van 28 van die dertig ingestuurde ontwerpe was - maar het sy naam as argitek teen die einde van die sestigerjare 'n plek in 'n Nederlandse prestige-publikasie

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gekry saam met dié van die argitekte P.J.H. Cuypers, J. Gosschalk, J.F. Metzelaar, A.W. van Erckel, H.P. Vogel, E. Saraber, prof. Eugéne Gugel, W.C. van Goor, S.J. Margry, H.J. Wernekers, L.J. Eberson en ander bekendes. Ofskoon hy dus nie as oorwinnaar uit die prysvraag getree het nie en die oordeel van die jurielede Itz, Dekker en Van Dam oor sy ontwerp waarskynlik nooit bekend sal word nie, het sy bewaargeblewe ontwerptekeninge en beskrywing sy talent en bekwaamhede as ontwerper van kerkgeboue op agt-en-twintigjarige leeftyd aan die lig gebring, die publikasie daarvan die tekeninge en beskrywing aan die vergetelheid ontruk en hom 'n plek as argitek onder die bekendste argitekte in Nederland omstreeks 1870 gegee.[32]

## 3. DIE AMSTERDAMSE BEURSONTWERP VAN 1879-1880

### i. Die aanloop tot die Beursontwerp

Wanneer die geskiedenis van die Amsterdamse Beursgebou en die aandeel van Sytze Wierda daarin nagegaan word, is dit opmerklik dat daar in 'n aantal gepubliseerde werke deeglike en uitvoerige beskrywings gegee word van die lotgevalle van die beursgeboue van J.D. Zocher jr. en H.P. Berlage, maar dat die tydperk rondom 1880, toe argitekte ontwerpe vir 'n nuwe beursgebou aan die Amsterdamse Stadsraad gestuur het, feitlik geen aandag ontvang het nie. Sodoende het die twee ontwerpplanne wat in 1880 deur Sytze Wierda vir 'n nuwe Amsterdamse Beursgebou ingestuur is, en wat vir navorsèrs oor sy lewe en werk in Nederland en die Zuid-Afrikaansche Republiek van besondere belang is, tot op datum nie onder die aandag van lesers van monografieë oor die geskiedenis van die Amsterdamse beursgeboue gekom nie.

'n Studie van die geskiedenis van die Amsterdamse beursgebou rondom 1880 vul nie net die ontbrekende feite aan nie maar werp terselfdertyd lig op die lewe en werk van Sytze Wierda in Nederland tot in 1887. Uit 'n studie van die gang van sake in verband met die nuwe beursplan van die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



sewentigerjare van die vorige eeu, blyk dit dat Sytze Wierda nie net aandag aan die terreinkwessie gegee en 'n oplossing aan die hand gedoen het nie, maar dat die twee prysvraagont=werpe wat hy in 1880 ingestuur het, 'n gedeeltelike antwoord is op die vraag of en in hoeverre hy in staat en voldoende onderlê was om 'n indrukwekkende en stylvolle openbare gebou, soos die „Staatsgebouw" in Pretoria, binne enkele maande te ontwerp en tenders vir die oprigting daarvan te vra.

Nadat Jan David Zocher se Beursgebou twee en twintig jaar in gebruik was, het daar in 1867 vir die eerste keer die gedagte ontstaan om dit te verbou. Die aanleiding tot hierdie denkbeeld was die voorneme van die regering om 'n rykstelegraafkantoor te plaas op die Damrak, wat tot aan die Oudebrug gedemp sou word. Die onderhandelinge oor die voorneme het 'n paar jaar geduur en in September 1870 het 'n dertigtal handelsondernemings 'n ontwerp aan die stadsraad gestuur waarin 'n poging aangewend is om die telegraafkantoor aan die beursgebou te verbind en terselfdertyd vir 'n koring=beurs, vergadersale, kantore en ander geriewe voorsiening gemaak is. Die insenders van die voorstel het beklemtoon dat hul enigste doel was om aan te toon op watter wyse daar van die Beurs iets goeds gemaak kon word. Hulle het verder ook uit hul pad gegaan om die versekering te gee dat dit volstrek nie hul bedoeling was dat die bygevoegde ontwerp=tekeninge vir die voorgestelde verbouing gebruik moes word nie. Die ontwerp, voorberei deur die argitekte De Haan en Gallay, wat destyds ingestuur is, het daarna as grondslag gedien vir alle ander ontwerpe wat mettertyd ontwerp is. Die denkbeeld om die eintlike beurssale deur verskillen=de newelokale te omring, is daarna nooit weer prysgegee nie en ook die „Nieuwe Beurs" van Berlage vertoon dan ook die aanleg soos wat die argitekte van 1870 dit in gedagte gehad het.[33] Die behoefte aan meer ruimte en gerief in die be=staande beursgebou en die noodsaaklikheid van 'n regstreekse telegrafiese verbinding met die buitelandse beursgeboue, was dus 'n belangrike, jarelange oorweging by baie handelaars

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



en wettige organe van die handel om hulle vir 'n nuwe beurs te beywer.[34]

Tot in 1873 is die verbouing van die Beursgebou egter nie verder gevoer nie maar vanaf daardie jaar het die sg. „Beursquaestie" die gemoedere van die inwoners van Amsterdam begin gaande maak. Van toe af het daar 'n stroom vlug= skrifte en ingesonde stukke in die dagblaaie en tydskrifte begin verskyn. Die aanleiding tot die destydse openbare reaksie was die drietal ontwerpe wat die stadsraad laat maak het. Een van die ontwerpe was vir die verbouing en ver= groting van die bestaande Beurs; 'n ander een waarvolgens die gebou geplaas sou word tussen die Nes, die Damstraat, die N.Z. Voorburgwal en die Pieter Jacobsstraat; en 'n derde ontwerp waarvolgens die Beurs weer sy plek op die Rokin sou kry, maar wat dan in daardie geval tot aan die Nes verbreed sou word. Volgens 'n begroting van koste sou die laaste twee ontwerpe teen 'n bedrag van 2 200 000,- gulden uitgevoer kon word. Met krag en oortuiging is in daardie jare by ver= skillende geleenthede, ook in die vergaderings van die stads= raad, aangedring op die vervulling van die begeerte tot die verkryging van 'n nuwe beursgebou. Die stadsraad wou egter nie sy goedkeuring heg aan een van die voorgestelde beurs= ontwerpe nie en die gemoedere wat vir jare lank oor die beurskwessie in beroering verkeer het, het oënskynlik vir 'n tyd lank tot bedaring gekom. Af en toe is daar welis= waar weer gedagtes oor die saak uitgespreek, het vlugskrifte die lig gesien en is die aangeleentheid weer 'n keer in die dagblaaie aangeroer.

Eers in 1879 het die kwessie van die beurs weer 'n keer opnuut in die middelpunt van openbare belangstelling gekom, toe 'n aantal inwoners van Amsterdam onder die leiding van Martin Wolff hulle deur middel van 'n versoekskrif tot die stadsraad gerig het.[35] In hul versoekskrif het hulle aangebied om onder sekere voorwaardes 'n nuwe, vergrote en doelmatige beursgebou ten dienste van die graan- en effektehandel te skenk. In hoofsaak het die voorwaardes

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



daarop neergekom dat die bestaande beursgebou afgebreek en die terrein tot verby die Papenbrug aangeplemp word. Op die verkreë terrein sou dan 'n beursgebou opgerig word waar= van die grondverdieping uit winkellokale sou bestaan. Die inkomste uit die verhuring van die winkelverdieping en daar= benewens ook die verdere inkomste uit die verhuring van die vergadersale, toegangspryse tot die Beurs, verpagting van die restaurant en die verhuring van die lokale vir die pos- en telegraafdienste, sou dan vir sestig jaar na die „combi= natie Wolff, Kogel en Boissevain" gaan. Die oprigting van die beursgebou, sowel as die verhuring en verpagting van lokale, sou onder die behoorlike toesig van die stadsraad geskied. Die sketsontwerp van die voorgestelde beursgebou, wat die adres vergesel het, was deur B. de Greef Jz. en W. Springer uitgevoer.

Die plan het dus daarop neergekom dat die beursgebou opgerig moes word op 'n terrein, geleë tussen die Papen- en Oudebrugstegen en wat ruim twee keer so groot was as die bestaande beursterrein. Die voorstel om die Beurs op die gedempte Damrak te bou, is deur sommige inwoners toegejuig, terwyl ander dit weer heftig teengestaan het.[36]

In hul voordrag aan die stadsraad op 30 April 1879, na aanleiding van die aanbod van die „combinatie Wolff, Kogel en Boissevain", het Burgemeester en Wethouders daarop gewys dat „reeds dikwijls is zoo in als buiten uwe vergadering de wenschelijkheid en de noodzakelijkheid van een beter beurs= gebouw dan het thans bestaande erkend", en om daardie rede is na rype oorweging gemeen dat die voorstel van Martin Wolff en sy mede-ondertekenaars aan die stadsraad voldoende voor= dele inhou om daaroor onderhandelings te voer.

Na die simpatieke ontvangs wat die voorstel van Martin Wolff en sy mede-ondertekenaars van die stadsraad ontvang het, het Cordes, Insinger en ander ook 'n plan vir 'n nuwe beursgebou by die stadsraad ingedien. Volgens die plan, wat deur argitek C. Muijsken opgestel is, sou die beursgebou

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



na vore in plaas van agtertoe uitgebrei word, waardeur die „Huis onder 't Zijl" verwyder en die bebouing van die Dam tot by die Vijgendam die resultaat daarvan sou gewees het. Aan die gebou sou 'n hotel verbonde gewees het terwyl sekere ander voorwaardes ook nagekom sou moes word.

Die voordrag van Burgemeester en Wethouders oor die stigting van 'n nuwe beursgebou sowel as oor die twee inge= diende planne van Wolff, Cordes en hul mede-ondertekenaars, is vervolgens aan die „Commissie van Bijstand in het Beheer der Publieke Werken" en die „Commissie van Financieën" vir hul kommentaar en oordeel gegee.

Die „Commissie van Bijstand" het in sy rapport aan die stadsraad laat blyk dat hy op grond van die voorgestelde plasing van die beursgeboue, nie ten gunste van enigeen van die twee planne is nie. Die kommissie het egter lof toege= swaai aan die voorstel van Wolff en ander om die „beurs meer noordwaarts op het Damrak, bijvoorbeeld bij de Oudebrug te plaatsen, waar de ruimte breeder is dan bij den Dam." Daar sou strate aan weerskante van die beursgebou aangelê kon word, waardeur die Dam vergroot kon word en aan die voorkant van die beursgebou 'n plein tot stand kon kom. Voorts sou die plan aan die inwoners van Warmoesstraat die geleentheid bied om aan dié plein mooi en sierlike geboue op te rig. Vir hierdie redes is die opskuiwing van die beursgebou geesdriftig deur die „Commissie van Bijstand" ondersteun. Daarenteen is die plan van Cordes en sy mede-ondertekenaars sonder meer deur die kommissie verwerp. Die konklusie oor die twee voorstelle het ten slotte soos volg gelui: "Dat de Commissie den Raad voorstelt Burgemeester en Wethouders uit te noodigen met de heeren Martin Wolff c.s. over de stichting eener nieuwe beurs in het Damrak tusschen de Oude- en de Papenbrug te onder= handelen, om later den uitslag dier onderhandelingen mede te deelen."

Na die ontvangs van die rapporte van die „Commissie van Bijstand in het Beheer van Publieke Werken" en die „Commissie

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van Financieën" het die stadsraad aandag aan hul bevindinge en oordeel gegee. Die gevolg was dat die stadsraad sy stand=punt oor die voorstel van die „combinatie Wolff, Kogel en Boissevain", wat op 30 April 1879 in die stadsraadsverga=dering geformuleer is en by wyse van 'n voordrag op 23 Julie van dieselfde jaar gewysig is, in 'n voordrag van 30 Sep=tember 1879 prysgegee het.

Vroeg in November 1879 het die stadsraad ook kennis geneem van die brosjure van August Hendrichs waarin hy die gedagte uitgespreek het dat 'n vierkantige terrein verkry sou word deur die demping van die Pijpenmarkt en die ont=eiening van al die geboue van die Spiegelskool op die Boom=markt tot by die steeg „Het Keizerrijk" in die lengte en in die breedte van al die terrein wat hulle tussen die twee punte uitstrek tot aan die Spuistraat. Hendrichs het hom uitsluitlik bepaal by die aan die hand gee van 'n terrein en die wyse waarop, syns insiens, die middele gevind sou kon word. Die argitektoniese aspek het hy heeltemal buite be=spreking gelaat.[37]

Soos verwag kon word, het die handelsgemeenskap van die hoofstad ook nie versuim om hul standpunt oor die beursaangeleentheid aan die stadsraad bekend te maak nie. Op 31 Oktober 1879 het die Handelsvereniging van Amsterdam in 'n „adres" aan die stadsraad verwys na die voordragte en gewysigde voordragte van Burgemeester en Wethouders (Nos. 208, 30/4/79, 282, 23/7/79 en 364, 30/9/79) na aanleiding van die voorstelle van Wolff en Cordes c.s., asook na die besprekings wat in die vergaderings van die Kamer van Koop=handel en Fabrieke op 22 Augustus en 5 September 1879 gehou is oor die plek waar die koopmansbeurs in die hoofstad gebou sou word en oor die vraag of die bou daarvan deur private instansies of wel deur die stadsraad onderneem moes word.

Terwyl die beurskwessie opnuut die aandag van die publiek en die stadsraad geniet het, het die burgemeester, Jhr. Mr. C.J.A. den Tex, wethouder Mr. G. van Tienhoven, en

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



raadslid T.J.W.H. Schmidt na Berlyn en Hamburg afgereis met die doel om die beursgeboue van dié twee stede te gaan besig= tig en terselfdertyd 'n studie te maak van die manier waarop die beursgeboue geëksploiteer word. „De Quaestie van den bouw en de exploitatie der beurs", het 'n berig destyds gelui, „trekt zeer de aandacht van het publiek, en in menige ver= gadering wordt deze zaak besproken."

In 'n vergadering van die stadsraad op 19 November 1879 het die beurskwessie weer 'n keer aandag geniet en is die volgende besluit met 'n klein meerderheid van stemme aanvaar: „Alle stukken en teekeningen betreffende den beursbouw, die ingekomen zijn, of binnen twee maanden mochten inkomen, in handen te stellen van eene Commissie, bestaande uit twee leden van het Dagelijksch Bestuur, twee leden van de Raad, twee leden uit den handel en twee leden van de Kamer van Koophandel en Fabrieken, met recht van assumptie en om binnen zes maanden daarover rapport uit te brengen."

Toe dit in die begin van Desember 1879 bekend geword het dat Burgemeester en Wethouders „ontwerpen voor den bouw eener nieuwe beurs", vergesel van die nodige toeligtende stukke, tot 7 Februarie 1880 sou inwag, het 'n aantal intekenare van „De Opmerker" wat in Den Haag gewoon het, navraag gedoen oor die „wedstrijd voor een nieuw beursgebouw te Amsterdam" en terselfdertyd inligting gevra oor die program en jurielede van die wedstryd. Aan hulle is geantwoord dat daar in werklikheid geen programma vir 'n beursprysvraag bestaan nie en dat daar „alleen door het Gemeentebestuur ter kennisse van gegadigden gebracht (werd) dat beursplans tot den 7den Februari e.k. worden aangenomen." Verder is aan hulle en ander lesers van die tydskrif meegedeel dat Burgemeester en Wethouders ongevraagd verskillende denkbeelde in verband met die plasing en inrigting van 'n koopmansbeurs ontvang het en bygevolg tereg van hierdie goedkoop en voordelige geleentheid gebruik gemaak het om sodoende in staat gestel te word om met kennis van sake die stadsraad van pre-advies te bedien. In die tweede plek was die bedoeling van die stadsbestuur

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



„om een ieder die daartoe roeping gevoelt, in de gelegen=heid te stellen zijne denkbeelden ter kennisse te brengen van hen die geroepen zijn eene beslissing te nemen." Vir daardie rede moes daar die groots moontlike vryheid aan be=langstellendes gegee word sodat daar van 'n program geen sprake kon wees nie, en ook nie van 'n beloning of 'n jurie nie. Indien dit mettertyd raadsaam sou blyk dat Burgemeester en Wethouders inligting oor die argitektoniese waarde van die verskillende ontvange ontwerpe van deskundiges behoort te kry, sal niks Burgemeester en Wethouders verhoed om die des=kundige opinies in te win nie.

Kort daarna het dieselfde korrespondente weer 'n keer hul vrees teenoor die boukundige tydskrif uitgespreek dat die insenders van beursplanne in die donker rondtas om sonder die minste gegewens aan die werk te gespring het. Hulle het ge=vra dat daar deur die tussenkoms van die redaksie van die tydskrif in belang van die kuns en die welslae van die nuwe beursgebou 'n uitvoerige program en 'n begroting van koste verkry moet word aangesien ervare manne op daardie stadium afgeskrik word om sonder die minste gegewens aan die werk te gaan. Die redaksie het egter weer 'n keer verduidelik dat die kern van die saak was dat die „gemeentebestuur der hoof=stad geene prijsvraag (heeft) uitgeschreven, maar zich bepaald tot het geven van gelegenheid aan belangstellenden om plans voor eene Koopmansbeurs in te dienen" voordat die saak in die stadsraad ter tafel gelê word.

Intussen het die datum waarop die beursplanne ingedien moes gewees het, verstryk. 'n Aantal planne is ingedien, nie alleen van argitekte nie maar ook van nie-argitekte. Die voorneme is ook uitgespreek om 'n openbare tentoonstel=ling te hou van alle ingekome beursontwerpe sodra die „Commissie voor den beursbouw" sy verslag aan die stadsraad ingedien het.